durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

19 Mei 2019

19 Mei 2019
Preekreeks TRINITEIT: SEUN

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Ds. Eric Swanepoel*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Eric Swanepoel*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

18:00 **@6 Diens**
*Ds. Johan Els*

**Deuroffer: Instituut vir Dowes**

Die instituut vier 138 jaar. Die instituut bedien dowes wat nie selfstandig kan funksioneer nie. Met ons deuroffer help ons hulle hiermee.

26 Mei 2019

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Pieter Henning*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Jana Dickason*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

18:00 **@6 Diens**
*Stephanie Steenkamp*

**Deuroffer: Jan Kriel Instituut**

## NUUS:

20 Mei: Kerkraadsvergadering
21 Mei: Doopkategese Vinkel & Koljandermark
22 Mei: Skole Eksamen
30 Mei: Hemelvaartdiens om 19:00
30 Mei-5 Junie: D4J 10 dae van Gebed
2-5 Junie: Pinkster
9 Junie: Biddag Jeug & Kategese
14 Junie: Skole sluit & Gr 4-6 Oorslaap

# Jesus se heerlikheid

**Eienskappe van Jesus**

**Sy heerlikheid**
Hulle is die ongelowiges wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie. Dit is die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is. **2 Korintiers 4:4**

Hoe meer jy van Hom en sy werk te sien kry, hoe meer aanskou jy sy heerlikheid. En die heerlikheid van Jesus plaas die teenswoordige wêreld in perspektief. Om waarlik die heerlikheid van Jesus te aanskou, vereis dat jy Jesus regtig ken, en nie net van Hom weet of oor Hom dink nie. Sy heerlikheid is in wese die totaliteit van Wie Hy is en wat Hy doen. Hoe beter jy Hom leer ken, hoe minder sin het jy aan die wêreld, want die verheerlikte Christus is joune en jy is Syne.

**Sy terugkeer**
Die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn. Dit voed ons op om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe, terwyl ons uitsien na die gelukkige dag wat ons verwag. Op daardie dag sal die heerlikheid van ons grote God en Verlosser, Jesus Christus, verskyn. **Titus 2:11-13**

Met Christus se eerste koms het Hy redding gebring vir almal wat Hom aangeneem het. Met sy wederkoms bring Hy volle en finale bevryding van sonde en boosheid vir sy mense. Hierdie tussen-in genadetyd is bestem vir 'n godvresende lewe in die teenswoordige wêreld en terselfdertyd die uitsien na 'n ander, ewige wêreld. Redding beteken nie dat jy 'n passiewe werktuig in God se hande is nie, maar 'n aktiewe medewerker van God.

**Hoe bid ons? –** Bid tot Jesus die Alfa en Omega, ***Alfa kai Omega***

**Hoe luister ons? –** Bid oor die volgende vrae:
Jesus het Homself as die begin en die einde van alle dinge verklaar. 'n Verwysing na niemand anders as die ware God nie. Hierdie stelling van die ewigheid kom aan God alleen toe.

"Kyk, Hy kom met die wolke, en al die mense sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurboor het; en al die volke van die aarde sal oor Hom in selfverwyt weeklaag. Ja, dit is seker! "Ek is die **Alfa en Omega**," sê die Here God, Hy wat is en wat was en wat kom, die Almagtige. **Openbaring 1:7-8**

• Wat leer die naam ***Alfa kai Omega*** vir my van Jesus?
• Wat leer die naam ***Alfa kai Omega*** vir my van myself?
• Wat kan ek nou gaan doen, omdat ek Jesus se naam ***Alfa kai Omega*** beter verstaan?

**Hoe leef ons?**



# Vanuit die Uitreikkantoor ...

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

## Bergsigprojekte op ons voorstoep





### BERGSIG BREIPROJEK

Ons het wol aangekoop en nooi almal om saam te brei om aan iemand 'n bietjie ekstra warmte te verskaf in hierdie winter.

Daar is wol en patrone (sokkies en mussies) in die voorportaal beskikbaar. Serpe is ook welkom.

Breiwerk wat teen 10 Junie ontvang word, kan bv. vir die Merweville Uitreik tydens die skoolvakansie gebruik word.

Daar is ook deurlopend behoeftes by bv. Ouetehuise.

(Ons is vir eers klaar met die kombersie-blokke projek)

### SPES BONA

Ons gaan die 1ste Junie weer 'n Markie hou op Spes Bona as fondsinsameling vir leierskaponderrig en gemeenskapstoerustig. Enige skenkings om op die Markie te verkoop sal welkom wees, so as jy nou begeesterd voel om daardie regpak en mindermaak "springclean" aan te pak, is jy welkom om dit wat jy wil skenk by die kerk af te laai, gemerk vir Spes Bona. Baie dankie dat ons kan vra.
Ons het ook hulp nodig met die sopverkope tydens die Vinkel en Koljandermark, 21 – 25 Mei hier by die kerk. Kontak my asseblief as jy bereid sou wees om vir 'n uur of twee te help.

### ATTIE VAN WYK SKOOL

Ons verkoop weer die lekkerste jaffels tydens die Vinkel en Koljandermark en sal julle ondersteuning daar baie waardeer – Indien jy nie in die ry wil staan nie en bestellings vooraf wil plaas is julle welkom om vir my 'n Whatsapp/sms of e-pos te stuur met jou bestelling en ek sal sorg dat dit gereed is vir oplaai op die tyd van jou bestelling.

Ons benodig graag die volgende:

- 4 x Bottels Spray & Cook
- 15 x 1kg margarien (Flora groen werk goed maar enige margarien is welkom)
- 4 x vol gasbottels met koppe
- 5 kg Bacon

Indien jy bereid sou wees om bestanddele by te dra sal ek dit baie waardeer as ons dit teen 19 Mei op die laatste by die Kerkkantoor sou kon hê. Enige kontantbydrae kan ter enige tyd by die Kerk inbetaal word met die verwysing Attie Jaffels.

Dankie vir almal wat ons so ondersteun deur die jare – ons kon alreeds 3 dataprojektors vir die skool met die vorige jare se fondse uit die mark aankoop. Ons loof en dank die Here vir elkeen van julle.





## Welgegund

Op Moedersdag by Welgegund het die Sondagskoolkinders alles self gereël en beplan. Dit was absoluut wonderlik. Trane het geloop terwyl kinders hul self geskryfde stukkie of gediggie voorgedra het aan hul moeder. Natuurlik is daar gedans ook. Hul het self gebid ook, oor die mikrofoon, sommer net so, geen skaamte. Enetjie het na die tyd gesê, as ek dit vir Jesus doen, is daar nie skaamte nie. WOW, ons kan hieruit iets leer! Kerse is opgesteek vir moeders wat oorlede is … wat 'n ervaring!

## "Verhoudings deur hondestappies"

Ons gaan begin om in Fisantekraal lesse aan te bied vir honde-eienaars en hul honde. Basiese opleiding en ander insette word verskaf. Ons benodig asb. halsbande en leibande - enige grootte (dit bly in ons besitting), honde-vriendelike snoepgoed om honde aan te moedig bv. Beenos en dan benodig ons vrywilligers!!

Hierdie is 'n geleentheid om nuwe verhoudings te bou en dissipels te wees, dus as jy nie omgee vir stof en hondehare nie, kom help asb. Een vrywilliger per honde-eienaar is die ideaal. Alle ouderdomme is welkom, bring sommer jou eie honde saam, daar is altyd kinders wat nie 'n hond het nie en wil deel wees. Kom soos dit jou pas.

Ons het toestemming om die veld te gebruik op Saterdag 8 Jun, 13 Jul, 3 Aug, 7 Sep, 12 Okt, 9 Nov van 9 tot 11 uur. Lessies self is ongeveer 'n uur lank. Honde raak moeg. Daarna gesels ons net spontaan en informeel met eienaars (en honde). Veld is naby polisiestasie en veilige area, by ingang van Fisantekraal. Bid asb vir hierdie geleentheid, ons het Jesus se leiding en teenwoordigheid baie nodig. Kontak asb Rachel Hattingh 072 107 3934

**Bachelor woonstel R3500 per maand**

**Kombuisie, Onderdak garage parkering**

**Enkelpersoon, Koopkrag**

**Geen diere**

**Kontak Mev. Retief 083 212 0557**






Foto bo: Dr. Kobus de Jager, Junita de Swart (Kerkraad), Ds. Philip Scholtz, Amelia Potgieter (Kerkraad), Ds. Eric Swanepoel, Peter Montgommery (Kerkraadvoorsitter), Ds. Johan Els



Foto onder: Johan Swanepoel (Kerkraad) & res soos bo net in 'n ander volgorde toe dit al heelwat later was. Ons span beskryf die Sinode as verrykend, insiggewend, hoopvol en motiverend.

Simplify
image consulting & wardrobe planning

**Matriekafskeid-pakket**

Word toegerus om die beste keuse te maak in terme van die kleur en styl van jou rok vir hierdie spesiale mylpaal. Daar sal aandag gegee word aan jou gesigvorm, haarstyl, bykomstighede en grimering. R800 individuele konsultasie of R350 as deel van 'n groepsklas.

Bookings at tania@simplify.co.za

Simplify
image consulting & wardrobe planning

**Kleur en styl pakket**

Elkeen van ons is uniek geskep na die beeld van God. Kom ontdek die beste kleure en stylwenke vir jou. Ons gee aandag aan haarstyle, juweliersware, stylpersoonlikheid, klerekas beplanning en veel meer. Promosie prys R1500 vir 3 ure individuele konsultasie.

Bookings at tania@simplify.co.za






## En Nou is ons 4!

Klein Zander is op 16 Mei 2019 om 8:45 gebore. Hy het 3,28kg geweeg en was 48cm lank.

Mamma (dominee) Mizelle en pappa Carlo is baie opgewonde saam met klein Mila oor die nuwe bondeltjie. Met groot vreugde word die blou voetjies in die huis ontvang. Ons seënbede vergesel hulle op die ouerpad.



## SENIORS KUIER BY BUFFELSFONTEIN

Die seniors het 'n heerlike dag uitstappie na die Weskus gehad die afgelope week.




## Pinkster 2-5 Junie 2019


Prediker: Fanie Venter van Kerk Sonder Mure waar hy sedert 1996 verbonde is en is vanaf 2006 die leierleraar.

Hy is 32 jaar getroud met Lynne en het twee volwasse kinders. Motto: Ons God is goed en die lewe op sy beste is die Jesus-lewe.

Sondag 2 Junie (8:15, 10:00 & 18:00)

Maandag 3 - 5 Junie (9:30 & 19:00)
Soggens gratis tee en saans ligte etes te koop tussen R15 - R30




## Vinkel & Koljandermark

Ons mark weer van 21 Mei – 25 Mei by Bergsig. Daar word weer heerlike etes voorberei, en ons wil graag die gemeente uitnooi om vanaf Sondag 12 & 19 Mei tussen die eredienste en na die aanddiens, etekaartjies te kom koop in die binnehof.

21 Mei – Biefburgers @ R60

22 Mei – Hoenderroom- & kerrielamspotjies @R60

23 Mei – Gerafelde vark/pulled pork met koolslaai op 'n vars broodrolletjie @ R70

24 Mei – Braaivleis (varknektjop & wors) en Kerrie-noedelslaai @ R70

Ons benodig dringend 'n yskas om te leen, tydens die mark vir die koektafel van Frontida/House of Grace/ Coram Deo.

Skakel asb vir Edna by 083 302 4838 indien jy kan help hiermee.




**30 Mei HEMELVAART**
**19:00 EREDIENS**
**(Kerkkantoor gesluit)**
**Handelinge 1:1b**




Matrieks van regoor die land kry kans om die jaar af te sluit langs die see waar 'n geestelike program aangebied word. Watter beter manier is daar om 'n nuwe lewensfase as jong volwassene te begin?

Om in te skryf stuur e-pos aan:

reimaginematriekfees@gmail.com of skakel Fanie by: 083 856 1951.






## 9111 – NOODOPROEP

## NEEM 'N BOTTEL WATER NA DIE KERK EN RED 'N PLANT.

Die Spekboom sug: "My rug, my rug, my keel bly droog."

Vrolike Grieta kla, want haar geel magrietjie-haredos is 'n droë bos.

Kol-Kol is die woestynrose besig om te toi-toi. In die droogte voel hulle nie meer mooi.

Frangipani soek troos : "Kyk waar is ek op die vlakte in 'n pot geprop! Die mense is skoon bedot. 'n Vergadering moet ons hou en sommer gou."

Die oranje daggabos soek troos : " Hi-Wena, ek's ok mos important. Julle tenk is vol, maar ons trane moet eers rol."

Bougainvilla, met haar knal- (skokpienk) tabberd baljaar in die wind – hou haar lyfie pure flerrie.

Hiervan het die statige Palmboom genoeg en is sommer moeg. "Hou tog op met mor en brom. Die reën sal kom. Water is op pad. Dan is almal weer lekker nat!"

**Rentia Slabber** liefhebber van tuine en werksaam in Bergsig se tuin vir langer as 13 jaar help ons in haar vrye tyd om die tuin mooi te tooi - selfs in die moeilike droogtes wat ons beleef. Haar gedig hier bo laat mens met respek wonder of die plantjies nie self in haar oor gefluister het dat hulle dors is nie?

**Neem 'n plant aan en bring gereeld water kerk toe en maak sommer die plant wat jy gekies het self gereeld nat.**

**TUIN BEHOEFTES: Bolaag dekgrond vir die gras - vrywilliger wat dit by die kerk kan kom aflaai op die grasperk asb. Oom Andre probeer die gras weer in 'n lushof omskep vir die kinderbediening om dit te gebruik vir hul pieknieks.**



# Ons daaglikse brood? Alles behoort aan God

***Psalm 50:10-12*** **[God sê]** "...want al die wilde diere in die bos is Myne, die vee op duisende berge ... al wat roer op die veld, is Myne ... want die aarde en alles wat daarop is, behoort aan My".

***Haggai 2:8*** "Aan My behoort al die silwer, aan My al die goud, sê die Here die Almagtige."

***1 Kronieke 29:11-12*** "Die grootheid, Here, die krag, die glans, die roem en die majesteit behoort aan U, ja, alles in die hemel en op aarde. Aan U, Here, behoort die heerskappy; U is bo almal verhewe".

***Levitikus 25:23*** **[God sê]** "... die land behoort aan My. Julle is slegs vreemdelinge en bywoners by My".

***1 Kronieke 29:14-16*** [Dawid se gebed nadat die mense oorvloedig gegee het vir 'n bouprojek] "Want wie is ek, en wie is my volk, dat ons die vermoë sou hê om sulke gawes te bring? Alles kom tog van U af en ons gee aan U wat ons van U gekry het. Net soos al ons voorvaders is ons by U sonder reg of aanspraak. Ons tyd op aarde is soos 'n skaduwee, dit gaan verby. Here ons God, al hierdie goed wat ons bymekaargemaak het om 'n huis vir u heilige Naam te bou, het ons van U gekry, en dit behoort aan U."

***Psalm 24:1*** Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here.

***As ons aan Christus behoort, is dit logies dat alles wat ons besit, in der waarheid aan Hom behoort.***

***As ons aan Hom gee, haal ons maar net ons hande af van dit wat alrééds Syne is.***









**5 Junie is Bergsig se beurt by die gebedslokaal - El Shadai. Om saam te bid stuur naam na: geestelikeversorging @bergsigdv.co.za**







**NG Kerk Durbanville-Bergsig**

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551

**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za

**S33 48.966 018 39.728**

**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

zapper donate with VISA and many more www.zapper.com scan to donate now

Snap here to pay SnapScan

https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527